Almal maak altyd motorfietsryers sleg,
Maar die feit is hulle is ook mense met ‘n reg
Deesdae se motorfietsryers
Is dokters, prokureurs, dalk predikante
Die manne met die nodige
fondse om dit te bekostig
En hier volg ‘n “bikers prayer”

Liewe Heer vandag
Moet U ons lei ‘n slag
Wees met ons op die oop pad
Sonskyn, wind of nat
Laat U ons ons bestemming haal
Wees met ons op vlaktes deur berge en deur draaie
Lei ons op al die paaie
Hou U hand oor ons
Laat dit oor ons ophou gons
Ons is doodgewone mense
Wat vryheid geniet en vervul ons wense
Wees met ons elke slag
Wanneer ons ry dag na dag
Alle dank aan U o, Heer
Vir beskerming keer op keer
Dankie liewe Heer

Amen

-Andre-